Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
# GRAAD 8 AFRIKAANS HUISTAAL
# TOETS

| PUNTE | |
|---|---|

**PUNTE: 90**

**TYD: 2 uur**

**PROVINSIE** ____________________________________________

**DISTRIK** ____________________________________________

**KRING** ____________________________________________

**SKOOL** ____________________________________________

ÉcoleBooks

**EMIS-NOMMER (9 syfers)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

**KLAS (bv. 8A)** ________________

**VAN** ____________________________________________

**NAAM** ____________________________________________

**GESLAG (✓)**

| SEUN | | | DOGTER | |
|---|---|---|---|---|

**GEBOORTEDATUM**

| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Die toets bestaan uit 21 bladsye, die buiteblad uitgesluit.**

**Instruksies aan die leerders**

Die onderwyser moet die instruksies voorlees en die oefenvoorbeelde saam met die leerders doen.

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien is.
3. Waar daar meervoudigekeuse-vrae is, omkring slegs die letter van die korrekte antwoord.
4. Waar daar een woord gevra word, moet slegs die woord neergeskryf word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**Oefenvoorbeelde**

1. Watter land verteenwoordig die Bafana Bafana-sokkerspan?

   A Australië

   B Suid-Afrika

   C Kameroen

   D Nigerië

   Jy het die vraag korrek beantwoord as jy die letter (B) omkring het.

2. Identifiseer die selfstandige naamwoord in die volgende sin:

   Die boek is interessant.

   ___________________

   Jy het die vraag korrek beantwoord as jy "boek" op die lyntjie geskryf het.

3. Gee **twee** redes waarom jy dink dat jy hierdie skooljaar gaan geniet.

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________

   Jy moes in 'n volsin, op die lyntjies voorsien, iets soortgelyk as die onderstaande antwoorde geskryf het:

   Hierdie jaar gaan ek skool geniet, want my Afrikaans-onderwyser(es) is vriendelik. Ek sal dit ook geniet, want ek gaan weer al my vriende sien.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

**Lees die onderstaande artikel  en beantwoord vrae 1-17.**

**Tieners en Fone: Hoe om slim daaroor te wees.**

1 Het jy al ooit regtig gedink oor hierdie dol nuwe wêreld waarin elke tiener en "tween" 'n selfoon en onmiddellike toegang tot mobiele tegnologie en allerhande sosiale media het?

2 Dis 'n wonderlike wêreld en dit verander elke minuut. Dis moeilik om met al die nuwe tegnologie, wat soos paddastoele opskiet, by te hou. Dink daaroor: slim-fone waarmee boodskappe maklik gestuur word en internet-toegang is maar net meer as vyf jaar beskikbaar. Die iPad het eers drie jaar gelede uitgekom.

3 Waarop dit neerkom is dat hierdie tegnologie SO nuut is dat navorsers nog skaars tyd gehad het om die uitwerking daarvan op kinders se breine en sosiale ontwikkeling te bestudeer. Daar is iets wat ons egter WEL weet: die verkeerde soort selfoongebruik kan skrikwekkende gevolge vir ons kinders tussen 10 en 12 en tieners hê.

4 Die meeste kinders kry deesdae selfone  tussen die ouderdom van 8 en 13 - veels te jonk, na my beskeie mening.

5 Maar ek verstaan waarom: ouers wil maklik met hulle kinders in verbinding kan tree – enige tyd, enige plek. Die begeerte om vir hulle kinders alles te gee, beïnvloed ouers om toe te gee aan hulle kinders se eise. Omdat al die ANDER kinders selfone het, is dit  g'n maklike taak om "NEE" te sê vir hul eie kinders nie.

6 Navorsing wys egter dat die meeste "tweens" en jong tieners nie oor die oordeelsvermoë of goeie insig beskik om versigtig te wees met die boodskappe wat hul stuur en wat hulle op Facebook, Snap Chat, Twitter en Instagram sê nie.  Die aantal sosialemedia-netwerke waar hulle kan uithang en



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

hulself kan uitdruk, groei daagliks, met toenemende roekelose en gevaarlike aanlyngedrag.

7 Navorsing bewys dat die deel van die tienerbrein verantwoordelik vir redenasie, versigtige denke, besluitneming en impulsbeheer nog nie goed ontwikkel is nie. In werklikheid is dit nog nie ten volle ontwikkel tot in hul laat twintigs nie!

8 Tieners kan dikwels nie VOORUIT dink oor die langtermyngevolge van wat hulle aanlyn sê en doen nie. Dit wat hulle sê en doen, kan PERMANENT opgeneem en onmiddellik na miljoene mense uitgesaai word!

9 Wanneer ouers vir hul tieners selfone gee, dink hulle dat hulle hul beskerm deur in kontak te bly. Die realiteit is egter dat ouers MEER beskermend as gewoonlik moet wees oor hul tieners se sosialemediagebruik en die stuur van boodskappe moet monitor. Dit is ’n GROOT taak – iets wat geen ander ouer vantevore moes doen nie, bloot omdat vandag se tegnologie nie in die verlede bestaan het nie.

EcoleBooks

10 Soos ek reeds gesê het, dis 'n dol nuwe wêreld, maar of jy daarvan hou of nie, dis waarskynlik hier om te bly.

[Aangepas en vertaal uit ’n tydskrifartikel deur Kerry Traylor, 30 April 2013]

**Woordelys**

*gevolge*: deur iets veroorsaak word (reël 11)

*impulsbeheer* (b.nw.): beheer impulse / om impulse te beheer (reël 27)

*monitor* (ww.): ’n oog hou oor (reël 36)

1. Waaroor is die skrywer van hierdie artikel hoofsaaklik bekommerd? Oor die ...

A onbevoegdheid van ouers om hul kinders te beskerm.
B voordele deur die sosialemedia-webtuistes voorgehou.
C behoefte van kinders en tieners om selfone verantwoordelik te gebruik.
D gebrek aan navorsing oor selfoongebruik. (1)

2. Watter van die volgende beskryf die gevoel van die skrywer die beste?

A Onpartydig
B Onregverdig
C Onsimpatiek
D Onseker (1)

3. Lees die onderstaande sin en beantwoord dan vraag 3.1 en 3.2.

"Omdat al die ANDER kinders selfone het, is dit g'n maklike taak om "NEE" te sê vir hul eie kinders nie." (paragraaf 5, reël 17 tot 19)

EcoleBooks

3.1 Gee 'n rede waarom die woord "g'n" met 'n afkappingsteken geskryf word.

__________________________________________________

__________________________________________________ (1)

3.2 Verduidelik die gebruik van die aanhalingstekens in "NEE".

______________________________________________________ (1)

4. Watter van die volgende verduidelik die betekenis van "opskiet" (paragraaf 2, reël 5) die beste?

A Die uiters vinnige ontwikkeling van nuwe tegnologie
B Die wêreld wat teen 'n verbasend vinnige tempo groei
C Die groot aantal tieners met selfone
D Verhoogde verkope van selfone aan tieners (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

5. Dink jy dat kinders tussen die ouderdom van 8 en 13 te jonk is om selfone te besit? Gee **een** rede uit die leesstuk vir jou antwoord.

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________ (2)

6. Wat is die hoofgedagte van paragraaf 6?

A Tieners maak al hoe meer van sosiale media gebruik.
B Nie genoeg navorsing is oor selfoongebruik gedoen nie.
C Tieners kan nie versigtig genoeg wees wanneer hulle sosiale media gebruik nie. (1)
D Sosiale media is ideaal vir tieners om hulself uit te druk.

7. Kies die mees geskikte sinoniem vir "uithang" (reël 23) soos in die teks gebruik.

A Kontak
B Versprei
C Ontmoet
D Verdeel (1)

ÉcoleBooks

8. Waarop dui die woord "impulsbeheer" (reël 27)?

A Die baie reëls wat ouers vir tieners het.
B Ouers wat tieners se selfoongebruik beheer.
C Die vermoë om op te tree sonder om te dink.
D Die vermoë om versigtig te dink voor jy optree. (1)

9. Wat is die oortreffende trap van "meer" (reël 34)?

A Meeste
B Die meeste
C Meesste
D Baie meer (1)

10. Is die volgende stelling feit of mening? Haal 'n frase uit die leesstuk aan om jou antwoord te bewys.

"... die deel van die tienerbrein verantwoordelik vir redenasie, versigtige denke, besluitneming en impulsbeheer nog nie goed ontwikkel is nie," (paragraaf 7, reëls 26-28)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

11. Die skrywer beweer dat ouers die teks- en sosialemediagebruik van hul tieners moet monitor.

Stem jy saam met die siening? Gee **een** rede gebaseer op die leesstuk vir jou antwoord.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

(2)

12. Wat dink jy beteken die woord "tweens" ? (paragraaf 1, reël 2; paragraaf 6, reël 20)

EcoleBooks

A Tieners wat amper volwassenes is.

B Kinders wat amper tieners is.

C Onvolwasse, kinderagtige tieners.

D Roekelose, onverantwoordelike tieners. (1)

13. Verbind die volgende sinne deur die voegwoord "alhoewel" te gebruik.

Ouers moet baie meer beskermend as gewoonlik optree.

Dis 'n groot taak om hulle kinders se teksboodskappe te monitor.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

14. Gee 'n sinoniem vir “dol” (reël 1) soos in die leesstuk gebruik.

_______________________________ (1)

15. Sal ouers hul kinders genoeg kan beskerm deur vir hulle selfone te gee om noue kontak te behou? Gee 'n rede uit die leesstuk vir jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

16. In paragraaf 2 is die skrywer verbaas oor hoe vinnig tegnologie ontwikkel. Haal ’n sinsdeel uit paragraaf 2 aan om die verbasing te toon.

_______________________________________________________ (1)

17. Hoe probeer die skrywer simpatie werf vir ouers van tieners met selfone in reël 36-38 van paragraaf 9?

ÉcoleBooks

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (2)

**Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord vrae 18–23.**

## BEPLAN JOU LEWE
## OM JOU DOELWITTE TE BEREIK







**Bekendstelling van ’n perfekte vennootskap.**

Die nuwe Samsung Galaxy Note 3 + Gear werk saam as ’n ideale besigheidsinstrument. Oproepe na jou Note 3 kan beantwoord word deur die eenvoudige beweging van jou gewrig en die gesprek kan via die Galaxy Gear plaasvind. Wonderlik begin nou.

SA RUGBY SAMSUNG

**Amptelike Slimfoon-verskaffer aan SARU en die Nasionale Span**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

18. Die advertensie verwys na 'n "perfekte vennootskap". Watter **twee** produkte wat geadverteer word, vorm die "perfekte vennootskap"?

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (2)

19. Waarom word die sin "Beplan jou lewe om jou doelwitte te bereik" in 'n groter skrif as die res van die advertensie getik?

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (1)

20. Beantwoord die volgende vrae oor die teikengroep van die bostaande advertensie.

20.1 Wie is die teikengroep van die advertensie?

A Sakemanne
B Ongetroude mans
C Getroude mans
D Selfoongebruikers (1)

ÉcoleBooks

20.2 Gee **twee** redes, uit die advertensie, vir jou keuse in vraag 20.1

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (2)

21. Die advertensie bevat die Springbok-embleem van die Suid-Afrikaanse rugbyspan, 'n verwysing na die Suid-Afrikaanse Rugby-Unie (SARU) en die amptelike slimfoon-verskaffer van SARU en die Nasionale Span.
Hoekom kan hierdie verwysings die verkope van Note 3 + Gear laat styg? Gee **een** rede.

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (2)

22. Waarom word "Galaxy Note 3 en Gear" in die advertensie herhaal? Gee **twee** redes.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

23. Die geadverteerde produkte maak dit maklik en gerieflik om besigheid te doen. Gee **drie** redes uit die advertensie om hierdie stelling te ondersteun.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (3)

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord vrae 24-28.**

**Selfoon**

**deur Alwyn Christensen**

My pappa het 'n selfoon
wat tot in Alaska praat
hul roep hom uit Amerika
selfs waar hy loop op straat.

Hy druk net vier, vyf knoppies
dit neem nie baie lank
dan praat hy met die direkteur
van 'n Ghanese bank.

Hy gee die nuutste syfers
om dadelik te besluit
hy kry 'n rits instruksies
en gou voer hy dit uit.

Die selfoon is gedoriewaar
'n wonderlike ding
om mense blitsig te laat roep
en mense te laat spring.

My fiets staan papwiel eenkant
al vir 'n maand of drie
ek vra en roep en soebat
by Pa is g'n antwoord nie.

[Via Afrika]

24. Watter **een** van die volgende woorde beteken dat iemand baie vinnig geroep kan word?

A Soebat
B Blitsig
C Hardop
D Gedoriewaar (1)

25. Watter woord beskryf die stemming van die gedig die beste?

A Gejaagdheid
B Rustigheid
C Vrolikheid
D Eensaamheid (1)

26. Verwys na strofe 1 en beantwoord vrae 26.1 tot 26.3.

26.1 Identifiseer die beeldspraak in strofe 1.

ÉcoleBooks

_______________________________________________ (1)

26.2 Benoem die rymskema.

_______________________________________________ (1)

26.3 Sê of die binnerym in versreëls 4 en 5 'n voorbeeld van alliterasie of assonansie is.

Versreël 4:_______________________________________________

Versreël 5:_______________________________________________ (2)

27. Dink jy dat die pa uiteindelik die pap wiel reggemaak het? Waarom sê jy so?

_______________________________________________ (3)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

28. Die digter vertel ons nie wat verder gebeur het nie. Wat sou volgens jou die rede daarvoor wees?

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

**Lees die stuk hieronder en beantwoord vrae 29–41.**

**Kamp vir kinders verslaaf aan die internet**

1 Japan beplan om Internet-“vas-kampe”, gelei deur onderwysdeskundiges, wat die kinders kan help om hul verslawing te oorkom, in te stel.

2 Daar word geglo dat meer as 500 000 Japanese kinders tussen die ouderdom van 12 en 18 “verslaaf” is aan die Internet, alhoewel die Japanese Ministerie van Onderwys beweer dat dit moeilik is om akkurate syfers oor die omvang van die probleem te kry.

3 Die Ministerie beplan 'n navorsingsprojek oor Internet-verslawing in die komende jaar en het die regering vir befondsing gevra. Hierdie programme sal ontwerp word om kinders van hul rekenaars, selfone en handspeletjies weg te kry.

4 “Ons wil ons kinders uit die virtuele wêreld kry en wil hê hulle moet regte kommunikasie met ander kinders en volwassenes hê,” sê 'n Ministeriële segsman.

5 Die jeugdiges sal aangemoedig word om aan buitemuurse aktiwiteite, spansport en speletjies deel te neem. Psigiaters en sielkundiges sal teenwoordig wees om berading te gee as die verandering na die regte wêreld te traumaties vir enige jongeling is.

6 Internet-verslawing word blameer vir slaap- en eetversteurings by 'n groeiende aantal jongmense in Japan.

7 In die uiterste gevalle toon kinders tekens van depressie. Sommiges kan binne-aarse trombose ontwikkel soortgelyk aan dié van passasiers met min ruimte op langafstandvlugte. Studies toon ook dat aanlyn-obsessies skoolprestasie kan beïnvloed.

[Aangepas uit *The Daily Telegraph*]

29. Skryf die volgende in die indirekte rede. Maak al die nodige veranderings, leestekens ingesluit.

"Ons wil ons kinders uit die virtuele wêreld kry en wil hê dat hulle regte kommunikasie met ander kinders en volwassenes moet hê," sê 'n Ministeriële segsman. (paragraaf 4)

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________ (4)

30. Die woord "vas" in paragraaf 1 beteken om …

A eet en drink te vermy.
B alle Internetgebruik te staak.
C die Internet nie gereeld te gebruik nie.
D die Internet verantwoordelik te gebruik. (1)

EcoleBooks

31. Kies die korrekte betekenis van "verslawing" soos in paragraaf 6 gebruik.

A Internetgebruikers gebruik oor die algemeen ook dwelms.
B Jeugdiges gebruik nie aanlyn-verbindings nie.
C Mense kan nie ophou om die Internet te gebruik nie.
D Slegs siek mense gebruik die Internet. (1)

32. Korrigeer die volgende sin deur die woordorde te verander:

Kinders behoort nie kommunikasie te hê met vreemde persone nie.

________________________________________________________ (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

33. Gee 'n sinoniem vir "teenwoordig" in paragraaf 5, reël 14.

__________________________________ (1)

34. Gee 'n antoniem vir "groeiende" soos gebruik in paragraaf 6, reël 17.

__________________________________ (1)

35. Korrigeer die spelfout en werkwoordorde in die volgende sin.
Die opgewonde lerders het hulle geniet tydens die kamp.

____________________________________________________

(2)

36. Waarom word die woord binne-aarse (paragraaf 7, reël 20) met 'n koppelteken geskryf?

____________________________________________________ (1)

ÉcoleBooks

37. Verbeter die vorm van die bywoord in die volgende sin.
Tieners stem <u>heelhart</u> saam dat sosiale media hulle aandag aflei.

____________________________________________________ (1)

38. Vorm 'n selfstandige naamwoord van die woord tussen hakies.
In statistiek is (akkuraat) baie belangrik.

____________________________________________________ (1)

39. Skryf die onderstaande sin oor in die verlede tyd.

Studies toon dat aanlyn-obsessies skoolprestasie kan beïnvloed.

____________________________________________________ (2)

40. Identifiseer die byvoeglike bepaling in die onderstaande sin.

Direkte gesprekke is nog steeds tieners se gunsteling metode van kommunikasie.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

41. Lees die laaste twee paragrawe van "Kamp vir kinders verslaaf aan die Internet" weer aandagtig deur. Som die negatiewe uitwerkings van Internet-verslawing in **vyf** sinne op.

- Die opsomming moet puntsgewys geskryf word.
- Elke punt hoef nie 'n volledige sin te wees nie.
- Jou opsomming **moet** nie meer as 20 woorde wees nie.
- Die opskrif is voorsien.

**Negatiewe uitwerking van Internet-verslawing**

ÉcoleBooks

1. ______________________________________________________________
2. ______________________________________________________________
3. ______________________________________________________________
4. ______________________________________________________________
5. ______________________________________________________________ (5)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

42. Kies óf 42.1 óf 42.2 en skryf 'n geskikte dialoog. Skryf die nommer van jou keuse neer.

Onthou om bewys te lewer van beplanning. Jy moet 'n dialoogformaat gebruik.

Gee aandag aan die volgende:

- Gehoor, register, toon en formaat
- Keuse van woorde en taalgebruik
- Formaat (dialoog)

42.1 Jy het swak in jou laaste eksamen gevaar. Jou ouer/pleegouer het besluit om jou selfoon weg te vat omdat sy/hy voel dat jy te veel tyd op jou selfoon en te min tyd aan jou studies spandeer. Skryf 'n dialoog van 140-160 woorde tussen jouself en jou ouer/pleegouer waarin jy probeer om haar/hom te oortuig om jou selfoon te behou.

**OF**

42.2 Jou ouer/pleegouer het jou gevra watter geskenk jy vir jou volgende verjaarsdag wil hê. Skryf 'n gesprek (dialoog) van 140-160 woorde wat julle sal hê waarin jy 'n selfoon versoek. Probeer om hom/haar te oortuig dat hulle vir jou 'n selfoon met Internet-toegang moet koop.

**BEPLANNING**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**Finale Skryfstuk**

ÉcoleBooks

**(20)**

| | Kriteria | Leerder se punt | Moontlike punt |
|---|---|---|---|
| 1. | Inhoud en beplanning | | **12** |
| 2. | Taal, styl en redigering | | **8** |
| 3. | Totaal | | **20** |

**GROOTTOTAAL: 90**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM